

1652 – Die begin van kolonialisme in Suid-Afrika?

*P. DE KLERK**

1. Inleiding

1652 word gewoonlik as 'n belangrike jaartal in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou. Die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap in daardie jaar deur die Nederlandse Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) is vroeër dikwels gesien as die eintlike begin van die land se geskiedenis, maar tans word algemeen besef dat so 'n beskouing 'n baie eensydige Eurosentriese perspektief op die geskiedenis verteenwoordig. Tydens en na die ingrypende politieke veranderinge van die afgelope dekade is dikwels gehoor dat daar in 1994 'n einde gekom het aan 'n lang tydperk van kolonialisme wat in 1652 begin het. So 'n siening verraai ook 'n eensydige perspektief op die geskiedenis en in besonder op die aard van kolonialisme as historiese verskynsel. In hierdie referaat word die begrip 'kolonialisme' en die rol van kolonialisme in sowel die wêreld- as die Suid-Afrikaanse geskiedenis, met besondere aandag aan die VOC-tydperk, kortliks bespreek. Hiermee word gepoog om by te dra tot die vorming van 'n meer ewewigtige beskouing van die betekenis van die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap en die vestiging van die VOC-kolonie in Suid-Afrika.

-
- Prof. P. de Klerk is professor in geskiedenis en tans waarnemende direkteur van die Skool vir Basiese Wetenskappe in die fakulteit Vaaldriehoek van die Potchefstroomse Universiteit. Sy mees onlangse publikasie is "Afskeid van apartheid – die politieke koers van die tydskrif *Woord en Daad* in die periode 1967-1990" in *Joernaal vir Eietydse geskiedenis* 26(2), Desember 2001. Hy is tans betrokke by navorsing oor die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Hierdie studie is gebaseer op 'n referaat met dieselfde titel wat hy by die Internasionale VOC Konferensie, Stellenbosch, 3-5 April 2002, gelewer het.

2. Wat is kolonialisme?

Voor die vyftigerjare van die vorige eeu was die term ‘kolonialisme’ nie algemeen in gebruik nie. Die woord is, soos die verwante woorde ‘kolonie’, ‘koloniste’ en ‘kolonisasie’, oorspronklik afgelei van die Latynse *colere* wat ‘kultiveer’, ‘bewerk’, ‘bewoon’ en/of ‘beskerm’ beteken. In Groot-Brittanje het die woord *colonialism* reeds in die negentiende eeu voorgekom, en is byna as ’n sinoniem vir ‘provinsialisme’ gebruik om minder gesofistikeerde aspekte van die leefwyse van inwoners van die kolonies te beskryf.¹ In 1955 het president A. Sukarno van Indonesië die term ‘kolonialisme’ op die Bandung-konferensie gebruik om te verwys na die politieke, ekonomiese en kulturele onderworpenheid van mense en samelewings in die koloniale ryke onder beheer van Europese lande. Die woord is dan ook veral gebruik deur diegene wat aan hierdie toestand ‘n einde wou maak en dit het ‘n emosioneel gelaaide term met ‘n negatiewe konnotasie geword.² Vandag word die term soms nog in hierdie sin gebruik, ook in Suid-Afrika. In wetenskaplike kringe het die woord ‘kolonialisme’ inslag gevind om na die verskynsel van koloniale beheer en ondergeskiktheid te verwys, veral in die tyd van ongeveer 1870 tot 1960, toe groot dele van Asië en Afrika onder beheer van Europese lande was. In hierdie konteks het dit sy emosionele inhoud verloor en impliseer dit nie noodwendig meer dat dit ‘n onwenslike verskynsel is nie.³ Alle wetenskaplikes gebruik die term egter nie in dieselfde betekenis nie. Terwyl sommige daarmee slegs verwys na die verskynsel soos dit hom voorgedoen het in die tyd van Westerse beheer in Asië en Afrika gedurende die negentiende en twintigste eeue, is daar ander wat dit in ‘n meer universele sin gebruik vir verskynsels in verskillende tydperke en wêrelddele.

Onder diegene wat die term hoofsaaklik in die enger betekenis van Europese koloniale beheer in die vorige twee eeue gebruik, is die bekende Britse historikus D.K. Fieldhouse en J. Osterhammel, skrywer van ‘n resente

-
1. D.K. FIELDHOUSE, *Colonialism, 1870-1945; an introduction* (Weidenfeld & Nicolson, Londen, 1981), p. 6.
 2. *Ibid.*, pp. 6-7; R. EMERSON, “Colonialism” in D.L. SILLS (red.) *International encyclopedia of the social sciences*, volume 3 (Macmillan, Londen, 1968), p. 1; R.J. HORVATH, “A definition of colonialism” in *Current Anthropology*, 13(1), 1972, p. 45.
 3. Vgl. J. OSTERHAMMEL, *Colonialism; a theoretical overview* (Markus Wiener, Princeton, 1997), pp. 5-6.

teoretiese studie oor kolonialisme.⁴ Hy sien die uitbreiding van Spaanse beheer oor Mexiko en Suid-Amerika wel as ‘n beginfase van kolonialisme, maar beskou dit tog primêr as ‘n verskynsel van die negentiende en twintigste eeue.⁵

Daarteenoor het verskeie historici vanaf die vyftigerjare begin om die begrip ‘kolonialisme’ in ‘n wye sin te gebruik om na gebeurtenisse en ontwikkelinge in verskillende historiese periodes te verwys. H. Kohn het reeds in 1958 kolonialisme gedefinieer as “foreign rule imposed upon a people” en aangedui dat daar dikwels in die geskiedenis koloniseerders was wat nie Europeërs was nie en dat die gekoloniseerdes nie altyd inwoners van ander wêrelddele as Europa was nie.⁶ In ‘n baie onlangse studie van kolonialisme word die begrip gedefinieer as “the conquest and control of other people’s land and goods” en aangedui dat dit ‘n verskynsel is wat dikwels in die loop van die wêreldgeskiedenis voorgekom het.⁷ In 1999 het die World History Association ‘n internasionale konferensie gehou oor die onderwerp “colonialism, its impact and legacies”, wat ook sessies oor kolonialisme in antieke Griekeland en Rome ingesluit het.⁸ Dit wil dus voorkom of die wye definisie van kolonialisme tans voorkeur onder wetenskaplikes geniet. Soos Kohn, Loomba en andere aandui, impliseer ‘n definisie van kolonialisme as ‘n algemene verskynsel immers dat dit nie net op Westerse kolonialisme toegepas kan word nie.⁹

-
4. D.K. FIELDHOUSE, *Colonialism, 1870-1945; an introduction*, pp. 5-8; J. OSTERHAMMEL, *Colonialism; a theoretical overview*. S.C. EASTON beskou ook slegs Westerse kolonialisme vanaf die negentiende eeu as werklike kolonialisme, soos blyk in sy *The rise and fall of Western colonialism; a historical survey from the early nineteenth century to the present* (Pall Mall Press, Londen, 1964), pp. v-ix.
 5. J. OSTERHAMMEL, *Colonialism; a theoretical overview*, pp. 18, 29.
 6. H. KOHN, “Reflections on colonialism” in R. STRAUSS-HUPÉ en H.W. HAZARD, (reds.), *The idea of colonialism* (Stevens, Londen, 1958), pp. 11-12.
 7. A. LOOMBA, *Colonialism/postcolonialism* (Routledge, Londen, 1998), p. 2. Vgl. ook die definisie van H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Afrika tot 1854* (Academica, Pretoria, 1989), p. 83.
 8. World History Association 1999, The Eight World History Association International Conference, *Final Program* (University of Victoria, Victoria [Kanada], 1999).
 9. H. KOHN, “Reflections on colonialism”, pp. 11-12; R.J. HORVATH, “A definition of colonialism”, pp.45-48; A. LOOMBA, *Colonialism/postcolonialism*, p. 2.

Die omskrywings van kolonialisme deur Kohn en Loomba, wat ook in belangrike mate met dié van Emerson ooreenkom,¹⁰ word nie noodwendig algemeen aanvaar nie. Horvath wil die term reserveer vir oorheersing van een groep oor 'n ander wat gepaard gaan met vestiging van 'n aantal permanente setlaars of koloniste in die gekoloniseerde gebied.¹¹ Dit is in teenstelling met Osterhammel en andere wat kolonialisme net beperk tot vreemde beheer sonder dat daar vestiging van 'n groot groep koloniste was en wat daarom die vestiging van Europeërs in Noord-Amerika en Australië nie as kolonialisme beskou nie.¹² Dit is moeilik om hierdie soort klassifikasies konsekwent toe te pas. As net na moderne Westerse kolonialisme gekyk word, is daar min gevalle waar feitlik geen koloniste hul in die kolonies gevestig het nie. In Botswana was die getal byvoorbeeld baie klein, in Namibië groter, in Mosambiek en Angola nog groter en in Suid-Afrika nog veel groter. Indien die vestiging van koloniste as 'n kriterium gebruik word, sal dit dus 'n byna onbegonne taak wees om te besluit in watter lande daar van kolonialisme sprake was en watter nie. Ook die beskouing, gehuldig deur, onder meer, Osterhammel,¹³ dat dit 'n essensiële kenmerk van kolonialisme is dat die koloniale heersers en koloniste 'n minderheid teenoor die inboorlinge of gekoloniseerdes vorm, is problematies. As byvoorbeeld na Latyns-Amerika gekyk word, was die Spaanse koloniste in sommige van die huidige state 'n minderheid en in ander nie. Dit sou beteken dat daar Spaanse kolonialisme in Peru en Bolivië voorgekom het, maar nie in Chili en Argentinië nie. Die feit dat al hierdie lande in die tyd van Spaanse beheer nie aparte state was nie, maar deel van 'n groter koloniale ryk, maak die probleem nog meer kompleks. Daarom bly die eenvoudige definisie dat kolonialisme verwys na die onderwerping en dominerende van 'n bepaalde groep mense oor 'n ander groep verkieslik.

Die begrip 'kolonialisme' word gewoonlik in samehang met ander begrippe soos 'imperialisme', 'kolonisasie', 'neo-kolonialisme' en 'postkolonialisme' gebruik en daarom moet kortliks op die verband tussen hierdie terme gelet word.

Die terme 'imperialisme' en 'kolonialisme' word dikwels saam gebruik en soms as sinonieme beskou. Die term 'imperialisme' hou verband met die Latynse woorde *imperium* (ryk) en *imperator* (keiser) en het oorspronklik

10 R. EMERSON, "Colonialism", p. 2: "Colonialism is the establishment and maintenance, for an extended time, of rule over an alien people that is separate from and subordinate to the ruling power."

11. R.J. HORVATH, "A definition of colonialism", p. 47.

12. J. OSTERHAMMEL, *Colonialism; a theoretical overview*, pp. 17-18.

13. *Ibid.*, pp. 16-17.

verwys na die persoonlike beheer van 'n heerser oor 'n aantal gebiede.¹⁴ Dit is in Groot-Brittanje in die laat negentiende eeu gebruik deur teenstanders van Britse gebiedsuitbreiding om 'n beleid van buitelandse aggressie of 'n strewe om ander gebiede onder beheer te kry te beskryf.¹⁵ Dit het dus 'n negatiewe konnotasie gekry, wat verder versterk is deur die Russiese politikus en ideoloog V. I. Lenin, wat daarmee 'n stadium in die ontwikkeling van kapitalisme aangedui het waar die kapitaliste gebiede buite Europa onder hul gesag wou bring om hul beheer oor markte en ru-materiale in ander wêrelddele te verseker.¹⁶ Daar word tans in die meeste wetenskaplike geskiedwerke na die laat negentiende eeu as die tydperk van Westerse imperialisme verwys, sonder dat Lenin se beskouing noodwendig aanvaar word.¹⁷ Wanneer na die Westerse koloniale ryke van dié periode verwys word, word die terme 'kolonialisme' en 'imperialisme' soms afwisselend gebruik. Imperialisme impliseer egter uitbreiding vanuit 'n kerngebied, wat nie noodwendig voorkom in gevalle van kolonialisme nie. Soos ons in die Ou Testament lees, het die Israeliete die land Kanaän in die tweede millennium voor Christus binnegeval en die inwoners onderwerp. Dit was dus 'n geval van kolonialisme, maar nie van imperialisme nie. Dieselfde kan gesê word van die verhuising van miljoene Jode van oor die hele wêreld, meer as drieduisend jaar later, na dieselfde gebied, wat toe bewoon was deur Arabiessprekende Palestyne, en hul vestiging van die staat Israel. Aan die ander kant hou imperialisme nie noodwendig onderwerping van een groep deur 'n ander in nie. Adolf Hitler se inlywing van Oostenryk by Duitsland in 1938 kan gesien word as 'n daad van imperialisme, maar nie van kolonialisme nie, aangesien die Oostenrykers nie as 'n onderworpe groep behandel is nie en baie van hulle hulself ook as Duitsers beskou het.

Die begrippe 'kolonialisme' en 'kolonisasie' word soms ook as sinonieme gebruik. In die jare voor die Tweede Wêreldoorlog het daar verskeie historiese werke verskyn wat handel oor kolonialisme in die wêreldgeskiedenis, maar met 'geskiedenis van kolonisasie' of soortgelyke woorde as titel.¹⁸ Ook onlangs het daar 'n werk met die titel *Colonization; a*

14. W.J. MOMMSEN, *Theories of imperialism* (Weidenfeld & Nicolson, London, 1980; vertaal uit Duits), p. 3; A. LOOMBA, *Colonialism/postcolonialism*, pp. 4-5.

15. *Ibid.*, p. 4.

16. D.K. FIELDHOUSE, *Colonialism, 1870-1945; an introduction*, p. 2; A. LOOMBA, *Colonialism/postcolonialism*, p. 5.

17. W.J. MOMMSEN, *Theories of imperialism*, p. 4.

18. BV. H.C. MORRIS, *The history of colonization; from the earliest times to the present* (McMillan, New York, 1900); J. HARMAND, *Domination et colonisation* (Flammarion, Parys, 1910).

global history verskyn.¹⁹ Hoewel die terme ‘kolonisasie’ en ‘kolonialisme’ soms afwisselend gebruik word, is die begrip ‘kolonisasie’ tog enger deurdat dit dui op die aktiwiteit of proses van onderwerping van een groep deur ‘n ander, terwyl kolonialisme ook kan verwys na die koloniale stelsel en selfs dekolonisasie as laaste fase in ‘n koloniale proses kan omvat.

Die begrip ‘neo-kolonialisme’ het bekendheid verkry deur die gebruik daarvan deur die Ghanese politikus Kwame Nkrumah om daarmee aan te dui dat politieke onafhanklikheid in die derde wêreld nie tot ekonomiese onafhanklikheid gelei het nie en dat Westerse lande nog ekonomiese beheer oor die res van die wêreld behou het.²⁰ Die begrip word vandag soms nog gebruik om, onder meer, die VSA se ekonomiese mag oor ander lande aan te dui.²¹ Die term ‘kolonialisme’ word hier wyer gerek as die oorspronklike betekenis deur dit toe te pas op ‘n verhouding van ekonomiese afhanklikheid van een staat aan ‘n ander. Gebruikers van die begrip gaan uit van die beskouing dat Westerse lande doelbewus die res van die wêreld afhanklik wil hou, ‘n beskouing wat nie algemeen deur wetenskaplikes aanvaar word nie. Die feit dat sommige lande wat vroeër ekonomies afhanklik van Westerse lande was, soos Suid-Korea en Taiwan, daarin kon slaag om deur sterk ekonomiese groei ‘n hoë mate van ekonomiese onafhanklikheid te bereik, weerspreek ook hierdie siening.

Die term ‘postkolonialisme’ het eers in die negentigerjare in swang gekom en word tans dikwels aangetref, veral in werke oor die letterkunde. Daar bestaan geen algemeen aanvaarde definisie vir hierdie begrip nie.²² Dit blyk dat dit nie noodwendig verwys na ‘n toestand na die beëindiging van kolonialisme nie, maar eerder na ‘n reaksie op kolonialisme en sy nalatenskap, soos dit hom onder meer manifesteer in die letterkunde.

3. Vorme van kolonialisme en koloniale prosesse

Uit die kort bespreking in die vorige afdeling het dit reeds na vore gekom dat verskillende vorme van kolonialisme onderskei kan word. Om ‘n beter begrip van die aard van kolonialisme as historiese verskynsel te verkry, word in

19. M. FERRO, *Colonization; a global history* (Routledge, Londen, 1997, vertaal uit Frans).

20. K. NKUMAH, *Neo-colonialism; the last stage of imperialism* (Nelson, Londen, 1965). Vgl. ook D.K. FIELDHOUSE, *Colonialism, 1870-1945; an introduction*, pp. 8-10.

21. Vgl. bv. L. DU TOIT, “Amerika, die groot nuwe kolonis” in *Rapport*, 4 Nov. 2001.

22. Vgl. L. VILJOEN, “Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: ‘n verkenning van enkele gemarginaliseerde diskoerse” in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2), 1996, pp. 158-175; A. LOOMBA, *Colonialism/postcolonialism*, veral pp. 7-14.

aansluiting by skrywers soos Ferro, Osterhammel en Van Aswegen²³ enkele vorme nader aangedui:

- Volksverhuisings kan beskou word as die mees algemene vorm van kolonialisme voor die negentiende eeu. Die verskynsel dat volke en stamme wat 'n nomadiese of semi-nomadiese bestaan voer, gebiede waar reeds ander groepe woon binneval en die inwoners onderwerp, kom in die wêreldgeskiedenis vanaf baie vroeë tye voor. Dikwels is gevestigde gemeenskappe wat landbou beoefen en soms ook in stede gewoon het deur nomadiese volke onderwerp. Die Israeliete se verowering van Kanaän, waarna in die vorige afdeling verwys is, kan as een van 'n lang reeks invalle van nomadiese volke in die gebied van die Ou Nabye Oosterse Beskawings beskou word. Voorbeelde van latere volksverhuings is dié van die Germaanse stamme in gebied van die Romeinse Ryk gedurende die vierde en vyfde eeue en van Turkse en Mongoolse invallers in die Arabiese ryke in die elfde tot dertiende eeue.
- Die uitbreiding van grondgebied en onderwerping van omliggende groepe asook die verowering van verafgeleë gebiede om ryke te vorm, het ook reeds sedert die Oudheid plaasgevind. Die Egiptiese, Babiloniese, Persiese, Grieks-Macedoniese, Romeinse, Arabiese en Chinese ryke is bekende voorbeelde uit die vroeë geskiedenis. In moderne Europa was daar onder meer die kortstondige ryke van Napoleon en Hitler. Die Russiese ryk, wat al in die sewentiende eeu na Siberië uitgebrei het en teen die einde van die negentiende eeu groot dele van Sentraal-Asië ingesluit het, was 'n koloniale ryk wat tot in 1991 bestaan het, terwyl die groot koloniale ryke van die Britte en Franse ook eers in die twee dekades na die Tweede Wêreldoorlog van die toneel verdwyn het.²⁴
- Die vestiging van handelsryke (of maritieme ryke) in die Middellandse Seegebied soos dié van die Feniciërs en Grieke in die Antieke tyd en van die Venesiërs en Genuane gedurende die Middeleeue kan as 'n aparte vorm van kolonialisme onderskei word. Hierdie ryke het hoofsaaklik uit 'n aantal handelsposte bestaan en slegs klein groepe oorspronklike inwoners

23. M. FERRO, *Colonization; a global history*, veral p. 19; J. OSTERHAMMEL, *Colonialism; a theoretical overview*, pp. 10-12; H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 83. Vgl. ook P. DE KLERK, "Vormverandering van kolonialisme in die geskiedenis" in *Koers*, 53(1), 1988, pp. 121-146.

24. Eintlik het hierdie ryke nog nie heeltemal tot 'n einde gekom nie. In die Russiese Federasie, wat nog steeds Siberië insluit, is daar baie nie-Russiese minderheids-groepe, terwyl die Britte en Franse nog 'n groot aantal eilande in verskillende wêrelddele onder hul gesag het.

is gewoonlik onderwerp. Soos Scammell²⁵ aandui, kan die handelsryke van die Portugese in die sestiende eeu en van die Nederlanders, Engelse en Franse in die sewentiende eeu in baie opsigte as 'n voorsetting van die Middeleeuse handelsryke in die Middellandse Seegebied beskou word. Hierdie latere handelsryke het egter oor 'n baie groter gebied gestrek en feitlik wêreldwye netwerke van handelsposte gevorm.

- Met vestigings- of setlaarkolonies word bedoel die vestiging van 'n groot aantal mense uit 'n moederland (en soms ook ander lande) in 'n ander gebied waar hulle nie net 'n heersersgroep vorm nie maar 'n nuwe samelewing vestig waarin die oorspronklike inwoners soms ook opgeneem word, maar dikwels 'n klein minderheidsgroep word. Die antieke Griekse vestigings in Suid-Italië en ander gebiede kan as setlaarskolonies beskou word. Die bekendste setlaarskolonies is egter dié wat gevestig is deur Europëers vanaf die sestiende eeu in Noord- en Suid-Amerika en in Australië.
- Soos algemeen bekend, is vanuit die vestigingskolonies aan die ooskus van Noord-Amerika 'n proses van verdere kolonisasie aan die gang gesit totdat uiteindelik die hele vasteland tot aan die Stille Oseaan deur Westerlinge bewoon en beheer is. Jagters, handelaars en boere het geleidelik verder die binneland binnegedring en in die proses het die wesgrens van die kolonies en later van die Verenigde State van Amerika ook verder geskuif. Die Amerikaanse Indiane wat die gebied bewoon het, is deels uitgeroei en deels in reservate ingeperk. Die ekspanisie van 'n samelewing oor 'n al groter gebied, wat geïnisieer word deur mense wat hul ekonomiese posisie wil verbeter eerder as deur regeerders, kom ook reeds vroeg in die wêreldgeskiedenis voor. In China het 'n geleidelike verspreiding van landbouers vanaf die kerngebied na die minder ontwikkelde dele in die suide, weste en noorde waarskynlik al 'n paar duisend jaar gelede begin en veral in die eerste ses eeue na Christus 'n groot omvang bereik.²⁶
- Die term 'interne kolonialisme', wat waarskynlik vir die eerste keer gebruik is deur Lenin²⁷ as die teenoorgestelde van eksterne kolonialisme, dit wil sê die koloniale ryke van die Britte, die Franse en andere, word vandag dikwels in wetenskaplike geskrifte aangewend, hoewel nie altyd in

25. G.V. SCAMMELL, *The world encompassed; the first European maritime empires, c. 800-1650* (University of California Press, Berkeley, 1981).

26. Vgl. J. LEE, "Migration and expansion in Chinese history" in W.H. MCNEILL en R.S. ADAMS (reds.), *Human migration: pattern and policies* (Indiana University, Bloomington, 1978), pp. 20-47.

27. M. HECHTER, *Internal colonialism; the Celtic fringe in British national development, 1536-1966* (Routledge & Kegan Paul, 1975), p. 8.

presies dieselfde betekenis nie. Dit is 'n geskikte term om kolonialisme in moderne state aan te dui. Hechter maak in sy werk oor die verhouding tussen Engeland en Wallis²⁸ van Marxistiese ekonomiese teorieë gebruik, maar ook al aanvaar 'n mens nie sy teoretiese uitgangspunte nie, kan moeilik fout gevind word met sy siening dat die Engelse, dit wil sê die inwoners van Engeland, polities, ekonomies en kultureel die dominerende groep in Groot-Brittanje vorm. Die Wallisers en Skotte (waarvan sommiges nog die Keltiese tale praat wat 'n paar duisend jaar gelede oor die hele Brittanje gebruik is) kan, daarenteen, as gemarginaliseerde groepe beskou word. Die opkoms van Walliese en Skotse nasionalisme, wat uitgeloop het op die verlening van beperkte outonomie aan hierdie groepe, kan dan ook gesien word as 'n reaksie op Engelse oorheersing. Die meeste lande van ons tyd het sterk gesentraliseerde regerings. Dit bring mee dat groepe wat afstammeling is van mense wat al eeue gelede in dieselfde gebied gewoon het en vroeër dikwels 'n groot mate van seggenskap oor hul eie sake gehad het tans as minderheidsgroepe polities, ekonomies en kultureel in 'n mindere of ondergeskikte posisie teenoor die meerderheidsgroep of -groepe in 'n staat staan.

- Ten slotte kan met die begrip 'indirekte kolonialisme' verwys word na 'n situasie waar 'n staat nominaal onafhanklik is, maar in werklikheid ondergeskik aan 'n ander staat is. Die verskynsel van satellietstate is goed bekend uit die tyd van die Koue Oorlog toe state in Sentraal- en Oos-Europa soos Hongarye, Pole en Tsjeggo-Slowakye feitlik onder beheer van die Sowjet-Unie gestaan het en die Sowjet-weermag verskeie male opstande teen die kommunistiese regerings in dié lande onderdruk het. Hierdie vorm van kolonialisme kom ook in vroeë tye voor. Egiptiese faraos het byvoorbeeld in die vyftiende eeu voor Christus vorste in Sirië en Palestina verslaan en hulle daarna gedwing om 'n skatting te betaal en hul kinders aan die hof van die farao te laat opvoed.²⁹ Dit gaan hier om grensgevallen van kolonialisme en dit is nie altyd maklik om te bepaal wanneer die afhanklikheidsverhouding sodanig is dat daar werklik van kolonialisme sprake is nie. Soos in afdeling 2 hierbo aangedui, is daar sommige wetenskaplikes wat die hoë mate van ekonomiese afhanklikheid van derde wêreldlande teenoor lande met groot ekonomiese mag as 'n vorm van kolonialisme sien en die term 'neo-kolonialisme' daarvoor gebruik.

28. M. HECHTER, *Internal colonialism; the Celtic fringe in British national development, 1536-1966*.

29. B.J. KEMP, "Imperialism and empire in new kingdom Egypt (1575-1087 B.C.)" in P.D. GARNSEY en C.R. WHITTAKER (reds.), *Imperialism in the ancient world* (Cambridge University Press, Cambridge, 1978), pp. 43-45.

Uit die kort oorsig hierbo blyk dit dat die verskillende vorme van kolonialisme met mekaar oorvleuel en dat een vorm van kolonialisme in 'n ander vorm kan oorgaan. Hierdie indeling moet dus slegs as 'n hulpmiddel gesien word om 'n geheelbeeld van kolonialisme as verskynsel te verkry.

Daar kan dus honderde of waarskynlik duisende gevalle van kolonialisme in die wêreldgeskiedenis onderskei word. Hoewel elke geval unieke kenmerke het, is daar tog bepaalde ooreenkomste rakende die begin, verloop en afloop van wat 'die proses van kolonialisme' genoem kan word. Wanneer 'n bepaalde geval, byvoorbeeld die Romeinse oorheersing van die inwoners van Spanje, van nader bekyk word, blyk dit gewoonlik dat die koloniale verhouding in die loop van die tyd veranderinge ondergaan en uiteindelik ten einde gekom het. Die verowering van die hele gebied wat tans as Spanje bekend staan, dus die beginfase, was self 'n proses wat tweehonderd jaar lank geduur het. Eers teen 20 v.C. was die hele Spanje onder Romeinse gesag. Reeds voor die hele gebied verower is, het amptenare en soldate, maar ook boere uit Italië, hulle in Spanje gevestig en grond wat aan die oorspronklike inwoners behoort het, in hul besit gekry. Die Romeine het stede in die land gevestig, wat ekonomiese sentra en daarmee aantrekkingspunte vir baie oorspronklike inwoners geword het waar hulle die Romeinse kultuur en leefwyse oorgeneem het. Die meeste oorspronklike inwoners was aanvanklik in stamme georganiseer, maar baie stamlede het boere geword wat hul eie grond bewerk het. Ontstamming en romanisering het uiteindelik daartoe gelei dat teen die vyfde eeu die oorgrote meerderheid inwoners Latyn (waaruit die moderne Spaans ontwikkel het) gepraat en die Christendom beoefen het. Hulle kon almal as Romeine beskou word. Die koloniale proses het dus ten einde gekom deurdat die verskille tussen koloniseerders en gekoloniseerdes in die loop van eeue geleidelik verdwyn het. Slegs in enkele geïsoleerde gebiede het die oorspronklike tale en kulture bly voortbestaan, en 'n klein minderheidsgroep in die huidige Spanje, die Baske, het een van die pre-Romeinse tale wat in die land gepraat is, behou.³⁰ Indien die Germaanse Wes-Gote en daarna die Arabiere nie in die volgende eeue die land binnegeval en opnuut gekoloniseer het nie, sou die romaniseringsproses moontlik voortgegaan en daartoe gelei het dat die Baske ook uiteindelik hul identiteit verloor het. Soos so dikwels in die geskiedenis het nuwe koloniale prosesse egter begin voordat die voriges heeltemal voltooi is.

In 'n koloniale situasie vind daar meesal nie net prosesse van integrasie plaas nie, maar ook prosesse van polarisasie. Onder diegene wat in 'n

30. Vir 'n uitgebreide bespreking van Romeinse kolonialisme in Spanje, sien P. DE KLERK, *Blywende kolonisasie? 'n Vergelyking van 'n aantal kolonisasies in die geskiedenis* (Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom, 1975), pp. 66-72.

ondergeskikte posisie teenoor die koloniale heersers staan (polities, ekonomies en kultureel) kom soms leiers na vore wat verset teen die dominerende groep organiseer en dit kan uiteindelik daartoe lei dat die koloniseerders se mag omvergewerp en die gebied dus gedekoloniseer word. Daar is baie voorbeelde van polarisasie en dekolonisasie in die twintigste-eeuse geskiedenis van Asië en Afrika te vinde.³¹

4. Kolonialisme in die wêreldgeskiedenis en in die wêreld van vandag

Uit die voorafgaande afdelings blyk dit dat kolonialisme, soos oorlog, 'n algemene verskynsel in die wêreldgeskiedenis is. Vanaf baie vroeë tye het groepe mense met mekaar in botsing gekom en het een groep mense 'n ander groep onderwerp. Aanvanklik was die mensheid waarskynlik so dun oor die wêreld versprei dat kontak tussen verskillende groepe klein was. Veral nadat daar begin is om landbou en veeteelt te beoefen, het die wêreld digter bevolk geraak en het kontak tussen groepe meer intensief geword.³² Oor kolonialisme in die heel vroeë periode is ons kennis baie beperk. Wat die gebied van die Midde-Oosterse beskawings betref, is gevalle van kolonialisme van meer as vierduisend jaar gelede opgeteken. Dit is byvoorbeeld goed bekend dat die stede van die Sumeriese beskawing teen 2300 v.C. deur die Semitiese heerser Sargon onderwerp is.³³ In die geval van Noord- en Sentraal-Europa, moet wat die hele periode voor die geboorte van Christus betref, afleidings hoofsaaklik op grond van argeologiese gegewens en taalhistoriese studies gedoen word. Dit is byvoorbeeld bekend dat die Kelte, 'n groep stamme wat 'n Indo-Europese taal gepraat het, vanaf ongeveer 800 v.C. oor groot dele van Europa versprei het, maar dat daar ook lank voor daardie tyd reeds mense in Europa gewoon het.³⁴ Van hulle weet ons betreklik min en, behalwe vir die taal van die Baske, waarna in die vorige afdeling verwys is, het hulle tale verdwyn. Waarskynlik is hierdie pre-Keltiese bewoners deels uitgeroei en deels onderwerp deur die Kelte en het hulle deur 'n integrasieproses geleidelik hul aparte identiteit verloor. Die huidige inwoners van Groot-Brittanje, Duitsland, Frankryk en omliggende lande stam moontlik deels van hierdie pre-Keltiese inwoners af. Wat groot dele van Asië,

-
31. Die aard van koloniale prosesse word uitvoeriger behandel in P. DE KLERK, "Kolonialisme as historiese prosesse" in *Koers*, 5(4), 1988, pp. 537-567.
 32. B.M. FAGAN, *World prehistory; a brief introduction*. (Longman, New York, 1999), pp.127-130.
 33. D. B. NAGLE, *The ancient world; a social and cultural history* (Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1979), p.p. 8-9; B.M. FAGAN, *World prehistory; a brief introduction*. (Longman, New York, 1999), p. 206.
 34. Vgl. J. CARPENTIER en F. LEBRUN, (reds.), *Geskiedenis van Europa* (Spectrum, Utrecht, 1993, vertaal uit Frans), pp. 38-92.

Afrika en Amerika betref, is ons kennis van vroeë vorme van kolonialisme, soms tot so min as tweehonderd jaar gelede, baie vaag.

As gelet word op kolonialisme in ryke soos dié van die Grieke, Romeine, Arabiere en Chinese, die volksverhuisings van onder meer die Ariërs, Kelte, Germane, Turke en Mongole, en die grensuitbreiding van Duitsland en die Skandinawiese lande in die Middeleeue, blyk dit dat koloniale prosesse van integrasie tot in die negentiende eeu meer dikwels voorgekom het as prosesse van polarisasie en dekolonisasie. Daar was tog soms suksesvolle opstande teen koloniale heersers, soos dié van die Griekse stede in Klein-Asië teen die Persiese Ryk in die vyfde eeu voor Christus³⁵ en, tweeduisend jaar later, van die Nederlanders teen Spaanse oorheersing, bekend as die Tagtigjarige Oorlog (1568-1648). Verskeie faktore het daartoe bygedra dat polarisasie en dekolonisasie eers vanaf die negentiende eeu algemene historiese verskynsels geword het. Een van die belangrikste faktore is waarskynlik dat in 'n bepaalde geval van kolonialisme daar gewoonlik een koloniserende groep of land is terwyl die gekoloniseerdes dikwels uit 'n verskeidenheid groepe bestaan. Hierdie groepe word meesal met geweld onderwerp, maar wanneer daar opstand en verset voorkom ná die aanvanklike kolonisasie is dit tot een of enkele van die groepe beperk. Verbetering van vervoer- en kommunikasiemiddele in alle wêrelddele vanaf die negentiende eeu het groter kontak tussen groepe en daarmee die vorming van 'n samehorigheidsgevoel onder al die gekoloniseerdes in dieselfde gebied bevorder. Hierdie besef van 'n gemeenskaplike lot as gekoloniseerdes was dikwels die begin van 'n nasionalistiese strewe. Nasionalisme het eers vanaf die negentiende eeu 'n belangrike rol in die wêreldgeskiedenis gespeel en veral ontstaan onder groepe wat deur ander groepe oorheers of bedreig is. In Europa het nasionalistiese strewes in die negentiende en vroeë twintigste eeue bygedra tot die verbodskeling van die Habsburgse en Ottomaanse ryke, terwyl nasionalisme in Asië en Afrika 'n deurslaggewende faktor was in die beëindiging van Westerse gesag in die jare na die Wêreldoorlog.³⁶

Kolonialisme het, soos oorlog, slawerny en ander verskynsels, ongetwyfeld gewoonlik gepaard gegaan met onderdrukking, uitbuiting en lyding. Aan die ander kant het dit ook gelei tot die uitbreiding van beskawings, godsdienste en tale. Koloniale prosesse het byvoorbeeld in baie belangrike mate daartoe

35. Vgl. C.A. VAN ROOY, *Antieke Griekse geskiedenis; van die steentydperk tot die eeu van Pericles* (Butterworth, Durban, 1980), pp. 232-233.

36. Oor die aard van nasionalisme en die rol daarvan in die wêreldgeskiedenis is talle werke geskryf. J. BREUILLY se *Nationalism and the state* (Manchester University Press, Manchester, 1993, tweede uitgawe) is 'n resente oorsigswerk waarin verskillende teorieë van nasionalisme sowel as die vorme van nasionalisme wat in die geskiedenis van Europa, Afrika en Asië voorkom, bespreek word.

bygedra dat die Christendom en die Islam die twee grootste wêreldgodsdienste geword het. Een van die verreikendste gevolge van koloniale prosesse is seker die feit dat die drie vastelande van Noord-Amerika, Suid-Amerika en Australië asook 'n baie groot deel van Asië (naamlik Siberië) deur Europeërs gekoloniseer en, wat kultuur en samelewing betref, feitlik verlengstukke van Europa geword het. Die wêreld, soos dit vandag daar uitsien, is in baie opsigte die resultaat van koloniale prosesse in die loop van die afgelope vierduisend jaar.³⁷

Uit die kort bespreking van die verskillende vorme van kolonialisme het dit reeds duidelik geword dat kolonialisme vandag steeds voorkom. Daar is trouens geen rede om te dink dat kolonialisme vandag 'n minder belangrike verskynsel as in die verlede geword het nie. Soos reeds gemeld, het politieke en ekonomiese sentralisasie en die bevordering van kulturele eenvormigheid in moderne state daartoe gelei dat etniese en kulturele minderheidsgroepe in groot mate ondergeskikte groepe geword het. Baie van die kulturele minderheidsgroepe in lande soos die VSA, Groot-Brittanje, Frankryk en Nederland is immigrantegroepe en dit sou onjuis wees om die begrip 'kolonialisme' op hulle toe te pas. Daar is egter ook minderheidsgroepe wat afstammeling is van mense wat eeue lank in hierdie lande gewoon het. Soos in die vorige afdeling aangedui, kan die Baske in Noord-Spanje en Suidwes-Frankryk gesien word as 'n resgroep wat in die proses van integrasie tydens die Romeinse oorheersing hul aparte identiteit behou het. Die Wallisers en Skotte van Groot-Brittanje, die Bretonners van Frankryk en die Lappe van Skandinawië het 'n soortgelyke agtergrond. Ook in Asië is daar verskeie sulke klein minderheidsgroepe wat afstammeling is van oorspronklike inwoners, soos onder meer die Ainu van Japan.³⁸ In Noord-Amerika en Australië was daar weinig sprake van integrasieprosesse, maar omdat die gebiede voor die koms van die blankes dun bevolk was, het die Indiane en die Australiese inboorlinge gemarginaliseerde minderhede geword. In Oos-Europa en die meeste lande van Asië en Afrika val staatsgrense selde saam met etniese en kulturele grense en is daar talle minderheidsgroepe wat in 'n tipies koloniale verhouding teenoor die heersersgroep staan. Sommiges het deur hul pogings om groter outonomie te verkry bekendheid verwerf, soos die Albaniërs van Joegoslawië en Macedonië, die Tsjetsjene in Rusland, die Palestyne en Koerde in die Midde-Ooste, die Tibetane in China en die Nilotiese groepe van die suidelike Soedan. Daar is egter talle ander

37. Vgl. H. LÜTHY, "Colonization and the making of mankind" in *Journal of economic history*, 21, 1961, pp. 483-495.

38. Vgl. R. STORRY, *A history of modern Japan* (Penguin, Harmondsworth, 1960), pp. 23-24 en M. FERRO, *Colonization; a global history*, pp. 50-51.

gekoloniseerde groepe wat nie verantwoordelik is vir politieke onrus nie en daarom weinig aandag in die media ontvang.

Kolonialisme kom dus voor in sowel die ryk Westerse lande as die arm derdewêreldlande. Deur die verhouding tussen ryk en arm lande as een van neo-kolonialisme te sien, word die werklike voorkoms van kolonialisme vandag grootliks misgekyk. Hoewel kolonialisme 'n faktor was wat tot die ongelyke verdeling van rykdom in die wêreld bygedra het, is hierdie ongelykheid die resultaat van 'n komplekse aantal faktore. Die feit dat lande wat nie deur die Weste gekoloniseer is nie, soos Turkye, Iran, Thailand en Liberië, met dieselfde probleme as ander lande van die ontwikkelende wêreld worstel, dui daarop dat dit hier om meer gaan as die nalatenskap van kolonialisme. Ons leef in 'n tyd van sensitiwiteit om stemme van sogenaamde gemarginaliseerde groepe te hoor, maar 'n eensydige, polities gelaaide begrip van kolonialisme lei daartoe dat sekere gemarginaliseerdes raakgesien word en ander nie. Hoewel die mense van die derde wêreldlande in 'n wêreldkonteks as gemarginaliseerd beskou kan word, is daar binne hulle samelewings self soms koloniale situasies met gevolglike verdrukking en marginalisasie. 'n Juiste begrip van kolonialisme is dus nodig om 'n volledige beeld van die omvang van koloniale oorheersing en onderhorigheid in die wêreld van vandag te verkry.

5. Kolonialisme in die Suid-Afrikaanse geskiedenis

Kolonialisme is 'n algemene verskynsel in die wêreldgeskiedenis van, ten minste, die laaste vierduisend jaar en daarom kan verwag word dat dit ook reeds in die verre Suid-Afrikaanse verlede voorgekom het. Hoewel ons kennis van die geskiedenis van Suid-Afrika, soos van baie ander lande, voor die sewentiende eeu uiters beperk is, het daar, veral op grond van argeologiese, antropologiese en linguïstiese studies, tog 'n groot toename hierdie kennis gekom. Sonder om enigsins te poog om 'n volledige oorsig van vroeë kolonialisme in Suid-Afrika te gee, word enkele aspekte waarna in wetenskaplike werke verwys word, kortliks bespreek.

In resente werke word, veral op grond van taal- en rassekenmerke, twee hoofgroepe onderskei wat Suid-Afrika sowat 500 jaar gelede bewoon het, naamlik die Khoisan- en negroïedegroepe. Laasgenoemde groep was teen daardie tyd waarskynlik hoofsaaklik sprekers van Bantutale (die term wat vandag meesal nog in wetenskaplike werke gebruik word). Ehret, wat sy konklusies veral op taalkundige studie baseer, is van mening dat die gebied van die huidige Suid-Afrika tot ongeveer 2000 jaar gelede hoofsaaklik bewoon was deur Khoisangroepe wat 'n jagters- en versamelaarsbestaan

gevoer het.³⁹ Davenport en Saunders onderskei ook tussen die twee hoofgroepe, maar meen dat mense met negroïedekenmerke dalk reeds 8000 jaar gelede in Suid-Afrika woonagtig was.⁴⁰ Op grond van verskillende faktore, waaronder die groot genetiese ooreenkomste tussen die Khoisan- en negroïedegroepe, meen hulle dat die verskille in fisiese kenmerke tussen die twee groepe moontlik in Suid-Afrika self kon ontstaan het en daar nie noodwendig 'n grootskaalse suidwaartse migrasie van negroïedegroepe was soos Ehret en andere aanneem nie.⁴¹ Die verskille in fisiese voorkoms wat daar tussen die twee hoofgroepe bestaan, maak dit tog waarskynlik dat die differensiasie ten minste etlike duisende jare gelede moes plaasgevind het.

Die term 'Khoisan' word vandag gebruik om die fgroep aan te dui waarna vroeër gewoonlik as 'Boesmans' en 'Hottentotte' verwys is. Hoewel daar groot verskille in leefwyse tussen verskillende Khoisangroepe voorgekom het, kan hulle op grond van taal, maar ook ander kultuurkenmerke saam gegroepeer word.⁴² In Suid-Afrika het die San, dit wil sê dié Khoisangroepe wat 'n jagters- en versamelaarsbestaan gevoer het, waarskynlik nooit meer as 20 000 getel nie.⁴³ Die beskouing wat deur Elphick en andere na vore gebring is, naamlik dat die Khoikhoi ('Hottentotte') oorspronklik 'n jagters- en versamelaarsgroep was wat sowat 2000 jaar gelede in 'n gebied noord van Suid-Afrika veetelers geword het en daarna suidwaarts beweeg het, word tans redelik algemeen aanvaar.⁴⁴ Die Khoikhoi van Suid-Afrika, wat volgens sommige navorsers teen 1650 moontlik tussen 100 000 en 200 000 getel het,⁴⁵ het hul gevestig in gebiede wat reeds deur die San bewoon was. Volgens Elphick kan die verhouding tussen die Khoikhoi en die San as 'n ekologiese siklus gesien word. Kontak tussen die Khoikhoi en die San het gelei tot konflik, maar ook tot handelskontak en ekonomiese samewerking waarby die

-
39. C. EHRET, *An African classical age; Eastern and Southern Africa in world history, 1000 B.C. to A.D. 400* (University Press of Virginia, Charlottesville, 1998), p. 222.
40. T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa, a modern history* (Basingstoke, Macmillan, 2000), p. 3.
41. *Ibid.*, p. 4.
42. A. BARNARD, *Hunters and herders of Southern Africa; a comparative ethnography of the Khoisan peoples* (Cambridge University Press, Cambridge, 1992), p. 3.
43. T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa, a modern history*, p. 6.
44. R. ELPHICK, *Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Ravan Press, Johannesburg, 1985 [herdruk van 1975-uitgawe deur Yale University Press]), pp. 3-42; H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 29; A. BARNARD, *Hunters and herders of Southern Africa; a comparative ethnography of the Khoisan peoples*, pp. 32-36; C. EHRET, *An African classical age; Eastern and Southern Africa in world history, 1000 B.C. to A.D. 400*, pp. 212-221; T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa, a modern history*, p. 6.
45. T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa, a modern history*, p. 8.

San byvoorbeeld vir die Khoikhoi gejag en vleis aan hulle voorsien het. Dit het dan verder gelei tot inkorporasie van San as ondergeskiktes in Khokhoistamme, wat uiteindelik uitgeloop het op ondertrouery en opname van San in Khoikhoigemeenskappe. Die omgekeerde het soms ook voorgekom, naamlik dat individuele Khoikhoi tussen San gaan woon en by jagtersgroepe ingeskakel het. Dit het veral gebeur wanneer Khoikhoi hul vee as gevolg van siektes, droogtes, ensovoorts, verloor het. In die algemeen was dit tog die San wat deur die Khoikhoi met hul veel groter getalle en hul sterker en meer ontwikkelde kultuur beïnvloed is en op verskillende plekke en tye in 'n posisie van ondergeskiktheid teenoor die Khoikhoi beland het.⁴⁶ Hierdie verhouding voldoen aan die wesenlike kenmerke van kolonialisme.⁴⁷

Wat die verhouding tussen die Khoikhoi en die Bantusprekende groepe betref, meen Ehret dat 'n groot deel van die Khoikhoi reeds tussen duisend en en tweeduisend jaar gelede geleidelik geabsorbeer is in die Bantusprekende stamme wat in hierdie tydperk al verder oor die oostelike dele van Suid-Afrika versprei het.⁴⁸ Volgens Harinck, wat 'n studie gemaak het van interaksie tussen die Xhosa en die Khoikhoi, het 'n proses van inkorporasie van Khoikhoigroepe in Xhosastamme eers vyfhonderd tot sewehonderd jaar

-
46. R. ELPHICK, *Khoikhoi and the founding of white South Africa*, pp.23-42. Vgl. ook M. WILSON, "The hunters and herders" in M. WILSON en L. THOMPSON (reds.), *A history of South Africa to 1870* (Philip, Kaapstad, 1982), pp.63-64.
47. Y. ABRAHAMS, "Take me to your leaders": a critique of Kraal and Castle" in *Kronos*, 22, Nov. 1995, pp. 21-35, lewer kritiek op Elphick se siening van die verhouding wat daar tussen San- en Khoikhoigroepe bestaan het en meen dat daar nie voldoende gegewens beskikbaar is om die hipotese te staaf dat Sangroepe soms in 'n onderhorige posisie teenoor Khokhoigroepe gestaan het nie. Sy meen selfs dat Elphick verhoudinge wat later, ten tyde van blanke kolonialisme, voorgekom het, op die tydperk voor blanke heerskappy aan die Kaap projekteer. Daarenteen meen A.B. SMITH, "Hunters on the periphery: the ideology of social hierarchies between Khoikhoi and Soaqua" in *Kronos*, 24, Nov. 1997, pp. 9-17, dat die verhouding van die herders- teenoor die jagtersgroepe aan die Kaap in die eeue voor blanke kolonialisme in die algemeen as een van dominerende teenoor perifere of gemarginaliseerde groepe beskryf kan word en dat jagtersgroepe selde in die dominerende herdersgroepe geïntegreer is.
48. C. EHRET, *An African classical age; Eastern and Southern Africa in world history, 1000 B.C. to A.D. 400*, p 229. Vgl. R. MASON, *Prehistory of the Transvaal* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1962), pp. 371-372 en R.R. INSKEEP, *The peopling of Southern Africa* (Philip, Kaapstad, 1978), p. 153.

gelede begin plaasvind.⁴⁹ Weswaartse uitbreiding van die Xhosa het daartoe gelei dat Khoistamme deur Xhosastamme onderwerp en in 'n ondergeskikte posisie teenoor Xhosahoofde geplaas is.⁵⁰ Khoikhoi- en Sangroepe is ook in Xhosastamme geabsorbeer en het soms 'n plek in die Xhosa se stam- en *clan*-strukture verkry.⁵¹ In die agtiende eeu, byvoorbeeld, is die Gonaqua, met 'n oorwegende Khoikhoikultuur en woonagtig in die gebied tussen die Kei- en Keiskammariviere, deur Xhosahoofde onderwerp. Hulle het ondergeskiktes van die Xhosas geword en as veeherders en bediendes vir hulle opgetree. Van die Gonaqua het ook militêre en administratiewe dienste vir Xhosastamhoofde verrig en hoë aansien onder die Xhosa geniet. Sommige van die amptenare het die status van ondergeskikte stamhoofde verwerf.⁵² Dit het soms ook gebeur dat Xhosas, wat as gevolg van interne politieke twiste uit hul stamgebiede moes vlug, in Khoikhoistamme opgeneem is.⁵³

-
49. G. HARINCK, "Interaction between Xhosa and Khoi: emphasis on the period 1620 to 1750" in L. THOMPSON (red.), *African societies in Southern Africa* (Heinemann, Londen, 1969), p. 153; vgl. L.D. NGONGCO, "Southern Africa: its peoples and structures" in D.T. NIANE (red.), *General history of Africa*, volume 4, *Africa from the twelfth to the sixteenth century* (Heinemann & Unesco, Londen, 1984), pp. 588-596.
50. Volgens J.B. PEIRES, *The house of Phalo; a history of the Xhosa people in the days of their independence* (Ravan Press, Johannesburg, 1981), pp. 19, 23, 40, was die ondergeskiktheid van Khoikhoi aan die Xhosa altyd net 'n ekonomiese ondergeskiktheid en nie 'n sosiale een nie en het dit binne 'n enkele generasie verdwyn, waarna diegene van Khoikhoi-afkoms as volwaardige Xhosas aanvaar is.
51. Vgl. J.B. PEIRES, *The house of Phalo; a history of the Xhosa people in the days of their independence*, pp. 16, 24. Peires wys daarop dat sommige Xhosa-clans van Khoikhoi- en Sanoorsprong is en dat sommige vrywillig en ander onvrywillig in die Xhosastamstruktuur opgeneem is.
52. G. HARINCK, "Interaction between Xhosa and Khoi: emphasis on the period 1620 to 1750", pp. 159, 168. Soortgelyke prosesse het plaasgevind wat betref die opneem van Khoikhoi- en Sangroepe deur die Tswana. Die Sarwa, wat 'n Khoikhoitaal praat - hoewel die woord 'Sarwa' ook deur die Tswana gebruik word om na die San te verwys - het volgens verskillende skrywers tot in die twintigste eeu 'n onderhorige posisie beklee en die Tswana het nie ondertrouery met hulle aangemoedig nie. Aangesien die Sarwa in Botswana woon, word hier nie verder daarop ingegaan nie. Vgl. I. SCHAPER, *The ethnic composition of the Tswana tribes* (London School of Economics and Political Science, Londen, 1952), pp. 5, 19, 20; I. SCHAPER, *The Tswana* (International African Institute, Londen, 1953), pp. 9, 14, 34, 37; M. WILSON, "The Sotho, Venda and Tsonga" in M. WILSON en L. THOMPSON (reds.), *A history of South Africa to 1870*, pp. 133, 155-156, 165 en H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 73.
53. G. HARINCK, "Interaction between Xhosa and Khoi: emphasis on the period 1620 to 1750", p. 157. Vgl. P. MAYLAN, *A history of the African people of South Africa: from the early iron age to the 1970s* (Philip Kaapstad, 1986), p. 35 en H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 64.

Die verhoudinge tussen die verskillende Bantusprekende groepe onderling het volgens Ehret reeds ten minste duisend jaar gelede onderwerping van een groep deur 'n ander ingesluit. Sprekers van Sala- en Shonatale het teen die derde eeu na Christus oor groot dele van die gebied wat later as Transvaal en Natal bekend sou staan, versprei. Teen die jaar 1000 het spekers van Ngunitale oor Natal begin versprei en daarna die Sala in hul gemeenskappe geabsorbeer. Die Salataal het daarna binne enkele eeue uitgesterf, hoewel baie Salawoorde in die Ngunitale opgeneem is.⁵⁴ Volgens Wilson kan verskillende bevolkingslae onder die huidige sprekers van Sothotale in Suid-Afrika onderskei word. Dit dui, volgens haar, daarop dat in verskillende periodes 'n groep immigrante hulself in die gebiede wat tans deur die Sotho bewoon word as heersers gevestig en vroeëre inwoners gedeeltelik weggedryf en gedeeltelik in hulle geledere opgeneem het. Sy sien die verskille in fisiese voorkoms wat daar tussen verskillende Sothogroepe voorkom veral as die resultaat van prosesse van onderwerping en absorbering van een groep deur 'n ander.⁵⁵

Die stigting van die VOC-verversingspos aan die Kaap in 1652 was dus geensins die begin van kolonialisme in Suid-Afrika nie, maar het wel 'n nuwe dimensie aan koloniale prosesse in die land verleen deurdat Europeërs vir die eerste keer daarby betrokke geraak het. Aangesien die hooflyne van die geskiedenis van Suid-Afrika vanaf hierdie periode goed bekend is, word hier nie 'n uitgebreide kronologiese oorsig gegee van die verskillende vorme en gevalle van kolonialisme wat daarná in Suid-Afrika voorgekom het nie. Die verversingspos het spoedig ontwikkel in 'n vestigingskolonie wat steeds verder uitgebrei het, totdat die Visrivier in die agtiende eeu bereik is, en gelei het tot die onderwerping van die Khoisanbevolking van die gebied. In 1795 is die Nederlandse kolonie deur Groot-Brittanje verower en daarna (behalwe vir die kortstondige Bataafse tydperk tussen 1803 en 1806) is die hoofsaaklik Nederlandstalige koloniste in die gebied se status tot dié van gekoloniseerdes verlaag. Ondertussen het daar in die oostelike helfte van die land verskeie ryke tot stand gekom waarin verskillende Bantusprekende stamme saam onder die gesag van 'n enkele regeerder gekom het en een stam of groep gesag oor ander stamme gevoer het. Die verhuising van 'n aantal blanke veeboere uit die Kaapkolonie na die oostelike en noordelike dele van die land - die bekende Groot Trek - het meegebring dat die Zuluryk van Shaka en Dingane asook die Ndebeleryk van Mzilikazi feitlik vernietig is en 'n periode

54. C. EHRET, *An African classical age; Eastern and Southern Africa in world history, 1000 B.C. to A.D. 400*, pp. 225-227.

55. M. WILSON, "The Sotho, Venda and Tsonga", p. 133. Vgl. M. LEGASSICK, "The Sotho-Tswana-peoples before 1800" in L. THOMPSON (red.), *African societies in Southern Africa*, pp. 98-122 en H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 68-73.

van onderwerping van Bantusprekende stamme deur die Voortrekkers en hul afstammeling, algemeen bekend as die Boere, ingelui. Britse gebiedsuitbreiding in Suid-Afrika het daartoe gelei dat al die swart stamme en uiteindelik, in 1902, ook die Boere onder gesag van die Britse ryk gebring is. Die unifikasie van 1910 en interne veranderingsprosesse in die Britse ryk gedurende die vroeë twintigste eeu het meegebring dat Suid-Afrika teen 1931 'n onafhanklike staat geword het waarin die blanke inwoners van die land, en vanaf 1948 veral die Afrikaners, heerskappy gevoer het, terwyl die ander bevolkingsgroepe grotendeels 'n onderhorige posisie beklee het. Die afskaffing van die laaste apartheidsmatreëls en uitbreiding van stemreg na die hele bevolking in 1994 het 'n einde van hierdie onderhorige posisie gemaak.

Daar kan voorbeelde van al die vorme van kolonialisme waarna in afdeling 3 verwys is, in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gevind word. Die gevalle van kolonialisme wat voor 1650 voorgekom het, kan almal in die breë kategorie van volksverhuisings geplaas word. Hoewel die vroeg negentiende-eeuse Zuluryk van Shaka hoofsaaklik binne die grense van die huidige Suid-Afrika bestaan het, toon dit tog ook die algemene kenmerke van 'n ryk en was dit van 'n groter omvang as die meeste inheemse politieke eenhede wat in daardie tyd in Afrika voorgekom het.⁵⁶ In die loop van die negentiende eeu het die hele Suid-Afrika self deel geword van die Britse ryk, die grootste ryk (wat gebiedsomvang betref) in die wêreldgeskiedenis, waarin die Engelstalige blankes in die land deel van die heersersgroep en die res van die bevolking eintlik onderhoriges was. Die VOC-ryk, waarvan die Kaapse verversingspos en later die Kaapkolonie deel geword het, is 'n goeie voorbeeld van 'n handelsryk. Soos hierbo gemeld, het hierdie ryke hoofsaaklik 'n aantal handelsposte omvat. Hoewel die Kaapse verversingspos se funksie wel anders was as dié van die meeste ander handelsposte, was dit in die eerste jare van sy bestaan, wat politieke, militêre, sosiaal-ekonomiese en demografiese kenmerke betref, baie soortgelyk aan die handelsposte van die Portugese, Britse en ander handelsryke van daardie tyd. Binne enkele dekades het die

56. In oorsigswerke oor die wêreldgeskiedenis soos bv. A. ESLER se *The human venture* (Pentice-Hall, Upper Saddle River, New Jersey 1996, derde uitgawe), pp. 489-498, word die Zuluryk dikwels as 'n voorbeeld genoem van die meer uitgebreide politieke eenhede wat in hierdie periode in Afrika suid van die Sahara ontstaan het. Die term 'ryk' of *empire* word redelik algemeen vir die Zulukoninkryk van Shaka gebruik. Dit blyk uit titels van werke soos E. RITTER, *Shaka Zulu: the rise of the Zulu empire* (Longman, Londen, 1955) en J.S. BERGH en A.P. BERGH, *Stamme en ryke* (Don Nelson, Kaapstad, 1984). P. MAYLAM, *A history of the African people of South Africa: from the early iron age to the 1970s*, pp. 20-32, en H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 245-248, verskaf elk 'n beknopte oorsig van die struktuur van die Zuluryk.

Kaapse nedersetting ontwikkeling tot 'n vestigingskolonie wat in baie opsigte ooreengekom het met die Britse setlaarskolonies wat gedurende dieselfde periode aan die ooskus van Noord-Amerika bestaan het. Deur 'n proses van grensverskuiwing, hoofsaaklik geïnisieer deur rondtrekkende blanke veeboere, het die kolonie se gebied aansienlik uitgebrei. Die twintigste-eeuse Unie en, later, Republiek van Suid-Afrika van voor 1994 is 'n goeie voorbeeld van 'n moderne eenheidstaat waarin interne kolonialisme voorgekom het. Anders as in die meeste Westerse state was diegene wat in 'n onderhorige posisie was nie minderheidsgroepe nie, maar die grootste deel van die bevolking. In 'n proses wat interne dekolonisasie genoem sou kon word, is onafhanklikheid in die periode 1976-1981 aan swart tuislande soos Transkei en Venda gegee. In die praktyk het hierdie state baie afhanklik van Suid-Afrika gebly en hul verhouding tot die Suid-Afrikaanse regering sou as een van indirekte kolonialisme beskou kon word.

Soos in afdeling 3 aangedui, kan daar, te midde van die groot verskeidenheid in die wyse waarop koloniale prosesse verloop, veral onderskei word tussen prosesse wat uitloop op al groter integrasie tussen koloniseerders en gekoloniseerders en prosesse wat uitloop op toenemende polarisasie, verzet en uiteindelijke dekolonisasie. In die koloniale prosesse waarby slegs die Khoisan en Bantusprekendes betrokke was, nie net in die periode voor 1650 nie, maar ook in die Zulu- en ander ryke, het integrasie en absorbering van die onderhoriges in die heersersgroep algemeen voorgekom. In die gevalle waar Westerse groepe betrokke was, was polarisasie die proses wat in die meeste gevalle plaasgevind het. Daar was nie net polarisasie tussen blanke oorheersers en swart gekoloniseerdes nie, maar ook tussen Britse oorheersers en ondergeskikte Afrikaners. In albei gevalle het kolonialisme sterk nasionalistiese strewes opgewek wat 'n kardinale rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Die feit dat integrasie die dominerende koloniale proses was in die vroeë geskiedenis en polarisasie in die latere geskiedenis, kom ooreen met die algemene tendense in die wêreldgeskiedenis. Dit sou egter verkeerd wees om polarisasie as die dominerende proses in alle gevalle in die Suid-Afrikaanse geskiedenis waar Westerlinge die oorheersers, was te beskou. Die Nederlandse kolonialisme van die VOC-tydperk is in hierdie geval 'n uitsondering aangesien dit prosesse van integrasie was wat daar die botoon gevoer het. Dit word in die volgende afdeling verder bespreek.

6. Nederlandse kolonialisme in Suid-Afrika

Daar is reeds uitgebreide navorsing gedoen oor die verhouding tussen die verskillende groepe, dus ook tussen koloniste en gekoloniseerdes, in die Kaapkolonie gedurende die VOC-tydperk en 'n goeie geheelbeeld word veral

in die omvattende werk van Elphick en Giliomee⁵⁷ verskaf. Hier word net enkele opmerkings gemaak teen die agtergrond van die sake wat in die voorafgaande afdelings bespreek is.

Soos reeds gemeld, kan die kolonie aan die Kaap net vir ongeveer die eerste dertig jaar van sy bestaan as 'n verversingspos beskou en daarmee in die kategorie van handelspos as deel van 'n handelsryk geplaas word. Reeds in die bewindstyd van goewerneur Simon van der Stel (1679-99) het die Kaap die karakter van 'n setlaarskolonie begin verkry. Die verskynsel dat handelsposte tot setlaars- of vestigingskolonies ontwikkel, het reeds in die Antieke Tyd voorgekom, en die Spaanse en Portugese handelsryke het in die sestiende eeu handelsposte sowel as vestigingskolonies omvat. Die westelike deel van Suid-Afrika was, soos Siberië, Australië, die grootste deel van Noord-Amerika en die suidelike gedeelte van Suid-Amerika, in die sewentiende eeu redelik dun bevolk in vergelyking met ander wêrelddele. Dit het aan Europeërs die geleentheid gegee om deur grootskaalse immigrasie die inheemse bevolking te verdring en Westerse samelewings daar tot stand te bring. Dit het ook in Suid-Afrika gebeur, hoewel die blanke bevolking in die VOC-kolonie betreklik klein gebly het in vergelyking met die vestigings in Noord- en Suid-Amerika. Die redes daarvoor word in geskiedwerke goed bespreek.⁵⁸ Die invoer van 'n groot aantal slawe het verder daartoe gelei dat die blanke inwoners nooit die meerderheid, en beslis nie die oorgrote meerderheid, van die bevolking geword het soos in Argentinië, Chili, die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Siberië gebeur het nie. Die latere kolonisasie van die meer digbevolkte dele van Suid-Afrika, waar die Bantusprekende stamme gewoon het, het verder daartoe bygedra dat die afstammeling van die blanke koloniste tans 'n redelike klein minderheidsgroep in Suid-Afrika is en dat die uiteindelijke resultaat van die vestiging van 'n setlaarskolonie in Suid-Afrika drasties verskil van die ontwikkelings in lande soos die VSA en Australië.

Die uitbreiding van die kolonie se gebied in die loop van die agtiende eeu, kan as 'n proses van grensverskuiwing beskou word wat heelwat ooreenkomste toon met die ontwikkelings in Noord-Amerika gedurende dieselfde periode, soos in die vergelykende studie van Lamar en Thompson

57. R. ELPHICK en H. GILIOME (reds.), *The shaping of South African society, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1989). H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 116-162, bevat 'n goeie samevatting van die tussengroepverhoudings in die Kaapkolonie.

58. Bv.: R. ELPHICK en H. GILIOME, "The origins and entrenchment of European dominance at the Cape" in R. ELPHICK en H. GILIOME, *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 532-536; H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 85-88.

na vore gebring word.⁵⁹ Uit hierdie werk blyk dit ook dat die latere verhuising van die Voortrekkers na die oostelike dele van die land, nieteenstaande die meer georganiseerde aard van die Groot Trek en die feit dat nuwe state deur die Boere tot stand gebring is, in baie opsigte as 'n voortsetting van die proses van grensverskuiwing beskou kan word.

Terwyl toenemende polarisasie sedert die negentiende eeu die algemene patroon in die verhouding tussen koloniale oorheersers en onderhoriges was, was dit nie die geval in die VOC-tydperk van 1652 tot 1795 nie. Daar het wel baie botsings voorgekom tussen die owerheid aan die Kaap en die blanke setlaars aan die een kant en, aan die ander kant, die San- en Khoikhoigroepe in die gebied waaroor die gesag van die VOC steeds verder uitgebrei het. In hierdie botsings is veral baie van die San deur setlaars gedood en het sommige Khoisangroepe ook na gebiede buite die grense van die kolonie uitgewyk. Pokke-epidemies het veral bygedra tot 'n vermindering van die Khoikhoibevolking in die kolonie en tot die verbrokkeling van stamstrukture.⁶⁰ Baie van die Khoisan het werkers by die blanke boere geword en, in 'n akkulturasieproses wat bevorder is deur die aktiwiteite van sendelinge, geleidelik hul oorspronklike taal en kultuur verloor.⁶¹ In die loop van die agtiende eeu het die Khoikhoitale in die westelike deel van die Kaapkolonie verdwyn en het die Khoikhoi al meer die Nederlands asook die Maleis en Portugees wat baie van die slawe gebruik het gepraat.⁶² Veral in die noordelike en oostelike dele van die kolonie was daar teen 1795 egter nog groepe waar die Khoikhoikultuur nie verdwyn het nie. Teen 1820 het die bevolking van die Kaapkolonie ongeveer 100,000 getel waarvan blankes ongeveer 42%, slawe en vryswartes (vrygestelde slawe) 32% en die toe reeds gedeeltelik verwestersde Khoikhoi asook mense van gemengde Khoikhoi- en

59. H. LAMAR en L. THOMPSON, *The frontier in history; North America and Southern Africa compared* (Yale University Press, New Haven, 1981).

60. R. ELPHICK en V.C. MALHERBE, "The Khoisan to 1828" in R. ELPHICK en H. GILIOME, *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 21-24; R. ELPHICK en R. SHELL, "Intergroup relations: Khoikhoi, settlers, slaves and free blacks, 1652-1795" in R. ELPHICK en H. GILIOME, *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 227; H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 121-123.

61. R. ELPHICK en V.C. MALHERBE "The Khoisan to 1828", pp. 35-43; R. ELPHICK en R. SHELL, "Intergroup relations: Khoikhoi, settlers, slaves and free blacks, 1652-1795", pp. 226-230.

62. R. ELPHICK, *Khoikhoi and the founding of white South Africa*, p. 213.

ander herkoms 26% uitgemaak het.⁶³ Die afstammeling van die oorspronklike inwoners het dus in die loop van die VOC-periode 'n minderheidsgroep in die kolonie geword, wat bowendien gedeeltelik hul aparte identiteit verloor het.

Daar het heelwat vermenging tussen die Khoikhoi, die slawebevolking en die blanke koloniste plaasgevind. Sommige mense van gemengde herkoms is in die blanke bevolkingsgroep, dit wil sê die koloniale elitegroep, opgeneem,⁶⁴ maar die oorgrote meerderheid mense van gemengde bloed het nie hierdie status bereik nie en het, saam met die slawe en Khoikhoi, die voorouers geword van die Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep (of -groepe) wat gewoonlik as kleurling of bruin mense aangedui word en wat vandag almal 'n grotendeels Westerse leefwyse het en Afrikaans of Engels as huistaal gebruik.⁶⁵ Hoewel die Khoikhoi en hul afstammeling grotendeels die leefwyse en kultuur van die Europese koloniseerders aanvaar het en ten spyte van die bloedvermenging met blankes, het die groot klasseverskille en die versterking van 'n negatiewe houding teenoor rassevermenging onder die blanke bevolking volledige integrasie tussen koloniste en gekoloniseerdes verhoed. Die koloniale prosesse in die Kaapkolonie verskil tog drasties van die ontwikkelinge in Noord-Amerika, waar daar feitlik geen integrasie tussen blankes en inheemse Indiane voorgekom het nie,⁶⁶ en toon heelwat ooreenkomste met ontwikkelinge in Latyns-Amerika waar integrasieprosesse daartoe gelei het dat die grense tussen koloniste en gekoloniseerdes uiteindelik verdwyn het, hoewel daar nog minderheidsgroepe voorkom wat hulle oorspronklike kulture grotendeels behou het en hulself in 'n onderhorige posisie teenoor die meerderheid sien. In die Kaapkolonie het integrasie nie, soos in Latyns-Amerika, gelei tot 'n verdwyning van die grens tussen koloniste en inboorlinge nie, maar wel meegebring dat die inboorlinge

-
63. Daar is nie volledige syfers voor 1820 beskikbaar nie. Die getal blanke koloniste het na 1795 heelwat toegeneem en die Khoikhoi het teen 1795 'n groter deel van die bevolking uitgemaak, maar tog nie meer die meerderheid nie. R. ELPHICK en H. GILIOMEE, "The origins and entrenchment of European dominance at the Cape", p. 524.
64. R. ELPHICK en R. SHELL, "Intergroup relations: Khoikhoi, settlers, slaves and free blacks, 1652-1795", pp. 202-203; H.F. HEESE, *Groep sonder grense; die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795* (Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing, Bellville, 1984), veral p. 38.
65. A. BARNARD, *Hunters and herders of Southern Africa; a comparative ethnography of the Khoisan peoples*, pp. 39-219, toon aan dat net enkele elemente van die tradisionele Khoisankulture en -leefwyse vandag nog in dele van Suid-Afrika, veral in Namakwaland en die Kalaharigebied, voorkom.
66. Vgl. die vergelykende studie van G. FREDERICKSON, *White supremacy; a comparative study in American and South African history* (Oxford University Press, Oxford, 1981), pp. 3-53, 94-135.

grotendeels hul oorspronklike kultuur verloor het en as identifiseerbare groep byna van die toneel verdwyn het.⁶⁷ In die tydperk van Nederlandse kolonialisme is dus 'n tendens voortgesit wat reeds veel vroeër, moontlik 'n paar duisend jaar gelede, begin het, naamlik dat die Khoisanbevolking wat eens waarskynlik die enigste inwoners van groot dele van Suid-Afrika was, in koloniale prosesse hul identiteit verloor en in ander groepe opgeneem is.

Vandag is daar onder sommige Suid-Afrikaners 'n oplewing in die bewuswees van hul Khoisanafkoms. Dit lyk of daar selfs onder bruin mense by wie daar geen elemente van die Khoisankulture meer aanwesig is nie,⁶⁸ 'n nuwe belangstelling is in hul Khoisanwortels.⁶⁹ Hierdie verskynsel toon ooreenkomste met die oplewing in selfbewussyn onder minderheidsgroepe in Europa soos die Wallisers en die Skotte by wie 'n nuwe trots voorkom oor hul Keltiese afkoms, selfs al het daar weinig van hul oorspronklike kultuur en tale oorgebly.

7. Slotbeskouing

Kolonialisme het in Suid-Afrika, soos in die hele wêreld, vanaf baie vroeë tye voorgekom en het ook vandag nie verdwyn nie. Die versterking van 'n Khoisanselfbewussyn onder sommige inwoners van die land, waarna hierbo verwys is, kan aan verskillende faktore toegeskryf word, maar een daarvan is waarskynlik dat daar onder hulle persone is wat hulself as 'n gemarginaliseerde groep in die samelewing sien. Deur klem te lê op die feit dat hulle afstam van inheemse groepe wat selfs voor die Bantusprekendes in die land gewoon het (eerder as van blanke koloniste en slawe wat later die land binnegekom het), kan hulle moontlik 'n meer positiewe houding teenoor hulle onder die dominerende groepe in Suid-Afrika bevorder.⁷⁰

67. Tans is die blanke Afrikaners en die Afrikaanssprekende kleurlinge albei minderheidsgroepe, wat meebring dat die voortbestaan van hul taal en kultuur bedreig word. Dit mag tot groter toenadering tussen die twee groepe en tot verdere integrasie in die toekoms lei. Die sterker klem wat sommige kleurlinge tans op hul Khoisanwortels plaas, soos hieronder aangedui, sal verdere integrasie uiteraard teenwerk.

68. Die feit dat daar in die buurlande Botswana en Namibië Khoisangroepe woon en dat Khoisantale en kulture daar voorkom, dra waarskynlik daartoe by dat daar tans 'n Khoisanidentiteitsbesef onder sommige Suid-Afrikaners na vore kom.

69. Daar bestaan tans 'n Nasionale Raad van Khoistamhoofde van Suid-Afrika, hoewel daar nie algemene eenstemmigheid is oor wie as stamhoofde beskou moet word nie. Vgl. *Die Burger*, 17, 20, 22 Des. 2001.

70. Vgl. Die opmerkings van R. Ross oor die Khoisan Identities and Cultural Heritage Conference wat in 1997 in Kaapstad gehou is, in *Kronos*, 24, Nov. 1997, pp.154-155.

Die vestiging van die Nederlandse verversingspos aan die Kaap in 1652 was 'n belangrike moment in die geskiedenis van die land, maar nie die begin van kolonialisme nie en ook nie die begin van 'n soort kolonialisme wat drasties verskil van vorme van kolonialisme wat reeds vroeër in Suid-Afrika voorgekom het nie. Dit was wel 'n besondere gebeurtenis in die proses waarby Suid-Afrika al meer betrokke geraak het by ontwikkelinge van die res van die wêreld en by die uitbreidende Westerse beskawing, wat uiteindelik 'n wêreldbeskawing geword het. Hierdie proses het egter reeds in 1488 begin toe die Portugese seevaarder Bartholomeu Dias die Kaap bereik het. Die proses van globalisering, gepaardgaande met 'n versterking van die Westerse kultuur ten koste van ander kulture, gaan tot vandag toe voort en het alle dele van die wêreld geraak. Soos in afdeling 4 hierbo verduidelik, is dit verwarrend om na die huidige ekonomiese en kulturele afhanklikheid van derde- wêreldlande aan Westerse lande as neo-kolonialisme te verwys en lei 'n eensydige fokus op hierdie verskynsel daartoe dat daar nie 'n volledige beeld gevorm word van alle vorme van kolonialisme wat vandag voorkom nie. Ook wat die rol van kolonialisme in Suid-Afrika betref, lei 'n gelykstelling van kolonialisme aan Westerse oorheersing tot 'n eensydige beskouing wat onder meer meebring dat die kontinuïteit in die koloniale prosesse waarby die Khoisan betrokke was, soos in die vorige afdeling aangedui, misken word.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat, om 'n duidelike begrip te vorm van die betekenis van die vestiging van die VOC-kolonie aan die Kaap, dit in 'n wyer konteks gesien moet word. Ten eerste moet die ontwikkelinge voor sowel as na 1652 bestudeer word en gelet word op die elemente van kontinuïteit én verandering. Davenport en Saunders se *South Africa: a modern history*, wat tans die omvattendste en waarskynlik ook gesaghebbendste oorsigswerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is, wy net 18 bladsye aan die hele periode voor 1652 en gee dan aan die hele eerste afdeling, wat strek tot 1910, die titel "prelude to white domination".⁷¹ Hiermee word die kritiek wat so dikwels teen blanksentriese benaderings tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis gemaak is, naamlik dat die geskiedenis nie in 1652 begin nie en dat die vroeëre geskiedenis ook bekyk moet word om 'n goeie geheelbeeld te vorm, feitlik geïgnoreer. Van Aswegen se *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, bied 'n baie meer ewewigtige beeld. Meer as 'n derde van die boek word gewy aan die periode voor 1652 en in hierdie gedeelte word, anders as in die werk van Davenport en Saunders, ook heelwat aandag gegee aan verhoudinge tussen die verskillende groepe en stamme en aan vorme van kolonialisme of oorheersing wat in daardie periode bestaan het. Die konteks waarin die vestiging van die VOC-kolonie aan die Kaap

71. T.R.H. DAVENPORT en C. SAUNDERS, *South Africa, a modern history*, p. 1.

bekyk moet word, behoort egter ook wyer te wees as net die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Slegs binne die konteks van die wêreldgeskiedenis (dus nie net die geskiedenis van die Westerse wêreld en ook nie net die geskiedenis van Afrika nie) kan onder meer 'n goeie begrip gevorm word van die rol wat kolonialisme in die loop van die geskiedenis gespeel het en van die besondere aard van kolonialisme in Suid-Afrika, ook gedurende die VOC-tydperk.

Wat die onderrig van geskiedenis betref, impliseer hierdie opmerkings dat dit van die uiterste belang is dat 'n goeie geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis en van die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne die konteks van die wêreldgeskiedenis by leerlinge en studente gevorm word. Deur net aandag te gee aan die laaste paar eeue word 'n skewe beeld geskep en kan nie 'n goeie historiese perspektief op die aard van die huidige verhouding tussen Westerse en nie-Westerse samelewings en kulture verkry word nie. Dit dra by tot die tendens om kolonialisme as sinoniem met Westerse oorheersing te sien, waardeur ander vorme van oorheersing en onderdrukking wat vandag oral ter wêreld voorkom, misgekyk word.

Abstract

1652 – The beginning of colonialism in South Africa?

The founding of the VOC refreshment station at the Cape in 1652 is often referred to as the beginning of a period of colonialism in South Africa which lasted until 1994. An examination of the definitions of colonialism which are used by historians today reveals that some scholars reserve the word colonialism for the system of Western domination of large parts of Africa and Asia during the nineteenth and twentieth centuries. There are, however, many historians today who use the term to describe various forms of domination in world history from the earliest times to the present. The article argues that only a broad definition of colonialism makes it possible to understand colonialism as a historical phenomenon. Various forms of colonialism are identified and their role in South African history over the last 2000 years is briefly discussed. The discussion focuses on the role of Dutch colonialism at the Cape within the broader context of the history of colonialism in South Africa. It is pointed out that colonialism during the VOC period differed in some essential respects from colonialism in South Africa during the nineteenth and twentieth centuries. During the Dutch period a process of integration between the colonisers and the colonised peoples took place, while in the later period processes of polarisation were dominant.